STUDIE 9

STORAKELS VAN PROFESIE

Die heks van Endor

1 Samuel 28:3–25

Koning Saul was bang. Die Filistynse leër het teen Israel saamgetrek, en hy het nie geweet wat om te doen nie. Samuel, die profeet wat hom vroeër raad gegee het, was dood. Saul het die Here geraadpleeg, maar geen antwoord ontvang nie.

Dit was nie omdat God onwillig was om ’n opregte soeker te help nie. Saul het lankal teen sy Woord gekies. Sy jaloesie en wreedheid het selfs tot die moord op die priesters van Nob gelei. Nou, in sy nood, het hy weer ’n verbode pad gekies.



Hy het sy dienaars beveel om ’n vrou te vind wat ’n waarsêende gees kon raadpleeg. God het sy volk uitdruklik teen sulke praktyke gewaarsku. Tog het Saul hom vermom en in die nag na ’n vrou by Endor gegaan. Hy het gevra dat sy Samuel vir hom laat opkom.

Die vrou het ’n verskyning beskryf. Saul het dit as Samuel aanvaar, en die boodskap wat hy gehoor het, het hom met wanhoop vervul: Israel sou verslaan word, en hy en sy seuns sou sterf. Die koning het verskrik op die grond neergeval.

Die volgende dag het die geveg op rampspoed uitgeloop. Saul se seuns is gedood, en die gewonde koning het self gesterf. Sy besoek aan die medium het hom nie na God se genade teruggelei nie, maar dieper in wanhoop laat wegsink.

Was hierdie verskyning werklik God se profeet? Kan die dooies terugkeer om met die lewendes te praat? Om die verhaal reg te verstaan, moet ons hoor wat die Bybel oor die dood en die opstanding leer.

Vul die ontbrekende woorde in nadat jy elke Bybelteks gelees het.

1. Watter soort geeste kan ’n mens deur ’n bedrieglike verskyning mislei?

1 Konings 22:22 *… ek sal ’n* _____ *word in die mond van al sy profete.*

Openbaring 16:14 *Want dit is* _____ *wat tekens doen …*

LET WEL: Saul het hom tot ’n praktyk gewend wat God verbied het. God het hom nie deur die profete geantwoord nie (1 Samuel 28:6), en ’n medium kon die Here nie dwing om dit wel te doen nie. Die Skrif se verdere onderrig oor die dood wys dat die verskyning nie Samuel was wat uit die hemel teruggekeer het nie. Dit was ’n misleiding wat Saul van God af weggetrek het.

2. Weet die dooies wat onder die lewendes gebeur?

Job 14:21 *Sy kinders kom tot eer, maar hy* _____ *…*

Prediker 9:5 *… maar die dooies weet* _____ *nie …*

Prediker 9:6 *Hulle* _____ *sowel as hulle* _____*, ook hulle naywer, het lankal verdwyn …*

Prediker 9:10 *… daar is geen werk of oorleg of* _____ *of wysheid in die doderyk waar jy heengaan nie.*

LET WEL: Die dooies neem nie aan die bewuste lewe op aarde deel nie. Psalm 115:17 sê dat hulle die Here nie loof nie; Psalm 6:6 praat van die afwesigheid van gedagtenis in die dood. Job 7:10 sê dat die gestorwene nie na sy huis terugkeer nie. Ons moet die duidelike onderrig van die Skrif gebruik om aansprake op kontak met afgestorwenes te toets.

3. Wie het die mag oor die dood?

Openbaring 1:18 *… Ek was* _____ *en kyk, Ek* _____ *tot in alle ewigheid … En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood.*

LET WEL: Jesus is die opgestane Verlosser. Die antwoord op ons vrees vir die dood lê by Hom, nie by iemand wat beweer dat hy geeste kan oproep nie.

4. Hoe het die mens oorspronklik ’n lewende wese geword?

Génesis 2:7 *… die mens geformeer uit die* _____ *van die aarde en in sy neus die* _____ *geblaas. So het dan die mens ’n lewende siel geword.*

LET WEL: God het die mens uit stof gevorm en die lewensasem gegee; toe het die mens ’n lewende siel geword. Die vers sê nie dat ’n klaar lewende liggaam ’n afsonderlike, onsterflike siel ontvang het nie. Die hele mens is van God afhanklik vir lewe. By die dood hou hierdie bewuste lewe op totdat God die mens weer opwek (Génesis 2:7; Prediker 9:5–6).

5. Wat gebeur by die dood?

Prediker 12:7 *… en die* _____ *na die aarde terugkeer soos dit gewees het, en die* _____ *na God terugkeer wat dit gegee het.*

LET WEL: Die dood keer die skeppingsproses om. Die liggaam keer terug na die stof en die lewe wat God gegee het, is weer in sy hand. Die “gees” hier is nie ’n bewuste, liggaamlose mens wat verder rondbeweeg nie. Job 27:3 verbind die lewensasem met die asem in die neus. Psalm 104:29–30 beskryf dieselfde afhanklikheid van God se lewegewende krag.

6. Waaruit sal die dooies by die opstanding geroep word?

Job 21:32 *En hy, na die* _____ *word hy gebring …*

Johannes 5:28–29 *… almal wat* _____ *is, sy stem sal hoor en sal uitgaan …*

LET WEL: Jesus belowe ’n opstanding, nie die terugkeer van siele wat reeds hulle finale loon ontvang het nie. Die graf hou niemand buite sy bereik nie. Hy kan die hele mens herstel, ook wanneer niks van die liggaam oor is nie.

7. Het Petrus gesê dat koning Dawid reeds na die hemel opgevaar het?

Handelinge 2:29 … *die aartsvader Dawid … hy het* _____ *en is ook* _____ …

Handelinge 2:34 *Want Dawid het* _____ *in die hemele opgevaar nie …*

LET WEL: Dawid se hoop, soos dié van die ander gelowiges, is die opstanding. Hebreërs 11:39–40 wys dat God se getroues op die volheid van sy belofte wag. Die uiteindelike erfenis word nie deur die dood self ontvang nie, maar deur God se verlossingswerk.

8. Besit die mens van nature onsterflikheid?

Eségiël 18:4 … *die* _____ *wat sondig, dié moet* _____.

1 Timótheüs 6:15–16 … *die Koning van die konings en Here van die here, wat* _____ *onsterflikheid besit …*

LET WEL: Die Bybel noem die mens sterflik, nie vanself onsterflik nie. Die siel, die lewende mens, kan sterf. Onsterflikheid is God se gawe, nie iets wat ons onafhanklik van Hom besit nie. Daarom is die belofte van die opstanding so belangrik.

9. Wanneer ontvang die verlostes onsterflikheid?

1 Korinthiërs 15:51–52 … *ons sal almal* _____ *word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste* _____ …

1 Korinthiërs 15:53 … *hierdie sterflike moet met* _____ *beklee word.*

1 Thessalonicense 4:16 … *die wat in Christus* _____ *het, sal eerste* _____.

LET WEL: Dit gebeur wanneer Jesus terugkom. Die gelowiges word opgewek en verander om vir altyd by Hom te wees. Hierdie gawe kom deur Christus, nie deur 'n onsterflike deel van die mens wat nooit gesterf het nie.

10. Met watter beeld beskryf die Bybel die dood?

Johannes 11:11 *Lasarus, ons vriend,* _____*; maar Ek gaan om hom wakker te maak.*

Johannes 11:14 *Toe sê Jesus vir hulle ronduit: Lasarus is* _____.

Matthéüs 27:52 … *baie liggame van die ontslape heiliges het* _____.

2 Samuel 7:12 *As jou dae vol is en jy met jou vaders* _____ *het …*

1 Thessalonicense 4:14 … *die wat in Jesus* _____ *het, saam met Hom bring.*

LET WEL: Jesus noem die dood 'n slaap omdat Hy die dooies weer kan wakker maak. Vir die gelowige is die volgende bewuste oomblik die opstanding wanneer Christus terugkom. Ons troos lê daarom nie in die gedagte dat die gestorwene ons dophou nie, maar in Jesus se belofte om sy kinders op te wek en weer bymekaar te bring (Johannes 11:11–14; 1 Thessalonicense 4:16–18).

11. Wie kan agter misleidende bonatuurlike tekens staan?

Openbaring 16:14 *Want dit is geeste van duiwels wat* _____ *doen …*

LET WEL: God se engele is dienende geeste wat Hy tot hulp van mense stuur (Hebreërs 1:14). Maar die gevalle engele mislei en doen bedrieglike tekens (Openbaring 12:7–9; 2 Thessalonicense 2:9). ’n Verskyning of boodskap is dus nie bewys dat ’n afgestorwene leef en met ons praat nie. God verbied die raadpleeg van die dode en rig ons na sy Woord (Jesaja 8:19–20).

12. Waarom waarsku Jesus ons teen sulke misleiding?

Matthéüs 24:24 … *hulle sal groot* _____ *doen om, as dit moontlik was, ook die* _____ *te mislei.*

LET WEL: Satan se eerste leuen was dat die mens nie sekerlik sou sterwe nie (Génesis 3:4). Die gedagte dat afgestorwenes steeds bewus rondbeweeg en geraadpleeg kan word, skep ruimte vir misleiding in hulle naam. ’n Bekende stem of voorkoms kan ons emosies diep raak. God se waarheid beskerm ons juis wanneer ons hartseer en verlange ons kwesbaar maak.

13. Hoe wyd sal hierdie misleiding strek?

Openbaring 18:23 … *deur jou towery is* _____ *verlei.*

Openbaring 18:2 … *’n versamelplek van* _____ …

Openbaring 12:9 … *wat die* _____ *verlei …*

LET WEL: Die laaste stryd is nie net openlike ongeloof teenoor geloof nie. Godsdienstige misleiding speel ’n groot rol. Gewildheid is daarom nie ’n veilige toets vir waarheid nie.

14. Hoe ernstig beskou God die raadpleeg van geeste?

Levítikus 20:27 … *as ’n man of vrou ’n waarsêende gees in hulle het of ’n gees wat voorspel, moet hulle sekerlik* _____ *word …*

1 Timótheüs 4:1 … *sommige van die* _____ *sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang …*

Efésiërs 5:11 *En hou nie gemeenskap met die onvrugbare werke van die* _____ *nie …*

Galásiërs 5:20 … *afgodery,* _____ *, vyandskap, twis …*

Openbaring 21:8 … *hulle deel is in die* _____ *wat brand met* _____ *en swawel: dit is die tweede dood.*

LET WEL: Die strafbepaling in Levítikus het aan Israel se destydse regstelsel behoort; dit gee Christene geen opdrag om iemand skade aan te doen nie. Die blywende les is dat God hierdie praktyke ernstig afwys. Ons moet mense met liefde na Christus nooi, maar self geen deel aan die raadpleeg van geeste hê nie. Hy kan ook iemand wat hierin verstrik geraak het, vergewe en bevry.

15. Op watter mag kan die gelowige vertrou?

Filippense 3:10 … *sodat ek Hom kan ken en die krag van sy* _____ …

LET WEL: Ons hoef nie boodskappe, verskynings of tekens te volg wat God se Woord weerspreek nie, selfs al lyk dit asof ’n geliefde met ons praat. Christus het die mag oor die dood en kan ons teen misleiding bewaar. Vertrou sy Woord en soek hulp en troos by Hom, nie by die raadpleeg van die dode nie (Jesaja 8:19–20).

Jou antwoord

Wil jy jou hoop op Jesus en die opstanding vestig, en jou deur sy Woord laat lei eerder as deur boodskappe wat voorgee om van die dode te kom?

Aanvulling

Die misdadiger aan die kruis

Jesus het aan die berouvolle misdadiger ’n plek in die paradys belowe (Lukas 23:43). Beteken die plasing van “vandag” in ons gedrukte Bybels dat albei nog daardie Vrydag in die hemel was? Lees die belofte saam met Jesus se eie woorde op die opstandingsmôre: Hy het nog nie na sy Vader opgevaar nie (Johannes 20:17).

Die oorspronklike teks het nie die moderne leestekens gehad waarmee ons vandag die sin verdeel nie. Die plek waar die vertaler die pouse aandui, beïnvloed hoe “vandag” verstaan word. Die belofte kan só verduidelik word: Ek verseker jou vandag dat jy saam met My in die paradys sal wees. Hierdie verduideliking verander nie die woorde van die Bybelaanhaling nie, maar lees hulle in die lig van Jesus se dood, opstanding en hemelvaart.

Op die dag toe Jesus oënskynlik magteloos aan die kruis gehang het, kon Hy steeds die misdadiger se verlossing waarborg. Die man het sy komende koningskap erken en om genade gevra. Jesus se antwoord was seker. By die opstanding sal hy saam met die ander verlostes die vervulling daarvan ontvang.

Gees en lewensasem

Woorde soos “gees” en “asem” het verskillende gebruike in die Skrif en moet volgens die verband verstaan word. In die beskrywing van die mens se lewe en dood gaan dit om die lewe wat God gee. Job 27:3 praat van die lewensasem van God in sy neus; Génesis 2:7 vertel hoe God die lewensasem gegee het.

Prediker 12:7 beskryf hoe die stof na die aarde en die gees na God terugkeer. Die gedeelte sê nie dat ’n bewuste, liggaamlose persoon na die hemel gaan om die lewe op aarde dop te hou nie. Lees dit saam met Prediker 9:5–10 en die belofte van die opstanding.

Wat gebeur met die siel?

By die skepping het die stofliggaam en God se lewensasem saam ’n lewende siel geword. Die siel is die lewende mens, nie ’n tweede persoon wat binne-in die liggaam woon nie. Wanneer die lewe eindig, is die mens nie meer bewus nie.

Dit beteken nie dat God die mens vergeet nie. Die Een wat ons gemaak het, ken ons volkome en kan ons weer opwek. Die hoop van die evangelie is groter as die gedagte dat ’n deel van ons nie kan sterf nie: Jesus oorwin die dood en bring sy kinders terug tot lewe.

Afrikaanse verwerking. Gebaseer op Amazing Facts se *The Witch of Endor* · © 1999, 2010 Amazing Facts, Inc.
Bybelteks: Afrikaans 1933/1953 (Ou Vertaling) · © Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Antwoorde

Die heks van Endor

Die invulwoorde volg dieselfde volgorde as in die studie.

1. leuengees · geeste van duiwels

2. weet dit nie · glad niks · liefde · haat · kennis

3. dood · leef

4. stof · asem van die lewe

5. stof · gees

6. grafte · in die grafte

7. gesterf · begrawe · nie

8. siel · sterwe · alleen

9. verander · basuin · onsterflikheid · gesterf · opstaan

10. slaap · dood · opgestaan · ontslaap · ontslaap

11. tekens

12. tekens en wonders · uitverkorenes

13. al die nasies · allerhande onreine geeste · hele wêreld

14. gedood · geloof afvallig · duisternis · towery · poel · vuur

15. opstanding

By die antwoorde

Vraag 2. Psalm 6:6 in die Ou Vertaling stem ooreen met Psalm 6:5 in die Engelse bron.